**Saam boer ons vooruit**

Gewasbeskerming | Plantvoeding | Presisiedienste

Agent kontakbesonderhede



# Linus Holtzhuizen


## Area: Parys

**T: 076 751 9648 / E: linus@laeveld.co.za**


**Gewasse:**
Mielies, soja en sonneblomme

Linus Holtzhuizen het in Parys in die Vrystaat grootgeword en by Hoërskool Parys gematrikuleer. Hy is nog ongetroud, maar is al vir die afgelope sewe jaar in 'n langtermynverhouding.

Die Holtzhuizens is bekend in die landboubedryf. Linus se pa Philip, en sy broer, Philip jnr., is ook deel van die Laeveld Agrochem-span. Hy het van jongs af naweke en vakansies saam met sy pa rondgery en baie by hom geleer. Só het hy 'n liefde vir landbou begin kweek.

Na skool het Linus 'n graad in Plantkunde en Mikrobiologie by die Noordwes Universiteit in Potchefstroom verwerf. Hierna het hy vir 'n paar maande by Agrifit in Potchefstroom gewerk, waar hy met proewe op verskeie gewasse gehelp het.

Die afgelope twee jaar was Linus by Agri Technovation werksaam. In dié tyd het hy blootstelling aan baie verskillende gewasse gekry en ook ondervinding van 'n groot verskeidenheid boerderye regoor die land, wat sy kennis verbreed het. Hy is tans besig om 'n gewasbeskermingskursus deur CropLife te voltooi.

Linus beskryf homself as 'n sosiale persoon wat dit geniet om tyd saam met sy familie en vriende te spandeer. Hy lees graag, en omdat gesondheid vir hom baie belangrik is, draf hy in die middae en probeer hy om aktief te bly.

Hy gaan in die Parys-gebied werk en gaan veral op graangewasse soos mielies, soja en sonneblomme fokus. "Ek wil kliënte help om hulle boerderye te groei en die beste uit hul plase te kry. Ek sal graag kliënte wil blootstel aan van die ander dienste wat ons lewer, soos die aanlyn MYFARMWEB™-platform."

***"Ek weet dat ons met behulp van Agri Technovation se presisie-ontledings die beste en mees ingeligte besluite kan neem. Voeg Laeveld Agrochem se uitstekende produkreeks daarby, en so kan ons vir die kliënt die beste resultate behaal."***

Linus beoog om kliënte te ondersteun en te help om op datum te bly met die nuutste ontwikkelings in die landboubedryf wat op hulle plase toegepas kan word.

***"Die toekoms maak my opgewonde, want elke dag bring iets nuuts. Ek wil myself graag verbeter, meer leer en 'n persoon wees op wie staatgemaak kan word."***


**Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.**
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.

**www.laeveld.co.za**